

# HET GRAAN GETAAN OF KAN DIE BOER BLY STAAN?

Deur

**Dr PHILIP THEUNISSEN**  
**COMPUTUS BESTUURSINLIGTING (EDMS) BPK**  
**www.computus.info**

---

Die boer moet baie uitdagings kan hanteer. Hy moet doeltreffend boer sodat hy in besigheid kan bly en sy produksiestelsels moet sensitief vir die natuurlike omgewing wees. Hierdie vereistes is bykomend tot die gewone uitdagings soos wisselvallige klimaatstoestande, onvoorspelbare peste en plaie en ook onseker marktoestande.

Die afgelope twaalf maande het beslis 'n demper op graanproduisie geplaas. Agtien maande gelede kon 'n boer die naam van al die graangewasse in 'n hoed gooi en watter gewas se kaartjie hy ookal daaruit getrek het sou heelwaarskynlik winsgewend geproduseer kon word. Graanpryse het sedertdien skerp gedaal en graanproduksie is tans onder druk. Het graan getaan of kan die boer steeds bly bestaan?.

Die realiteit is dat elke jaar vir landbouers anders is. Die wisselvalligheid is nie iets nuuts nie en is ook nie iets uniek tot Suid-Afrikaanse boere nie. In die verlede is die skommelings tot 'n redelike mate gelyk gemaak deur die bemarkingsrade en staats hulp. Suid-Afrika het sedert 1994 nie meer 'n landbouvriendelike regering nie en daarom moet die boer self 'n volhoubare produksiestelsel navolg. Hierdie bestuursfilosofie is noodsaaklik as die boer op die lang duur steeds wil boer en behels die implementering van:

- aanvaarbare produksievlakke;
- winsgewende produksie; en
- beskerming van die natuurlike omgewing;

dus ...

*'n kombinasie van produktiwiteit en verantwoordelikheid!*

## **BESTE BESTUURBARE PRAKTYKE**


Volgens COMPUTUS se syfers is daar jaarliks 'n wesenlike verskil tussen boere se onderlinge winsgewendheid, ten spyte van die feit dat die omstandighede waaronder hulle boer dieselfde is. Die vorige koringoes (2002/2003) het weer eens getoon dat die wins per hektaar R1180.00 vir die beste derde beloop het terwyl die swakste derde 'n verlies van R17.00 behaal het. Hoewel die wins 'n groot variasie getoon het, het veral die direkte uitgawes (saad, kunsmis, onkruid- en plaagdoder) 'n baie klein variasie getoon. Die variasie in wins kan dus toegeskryf word aan die feit dat sekere boere hulle bestuursinsette beter kies en beter toepas. Die beste derde het waarskynlik 'n meer suksesvolle bestuursfilosofie ten opsigte van hulle beheerbare produksiefaktore.

Alle boere het dieselfde toegang tot produksie-inligting en tegnologie. Sukses word deur daardie boer behaal wat hierdie inligting in 'n hoë-wins produksiestelsel kan verpak vir die toestande wat op sy plaas geld.

Daar moet uiteraard balans en integrasie tussen die verskillende bestuurspraktyke wees. Dit is gewoonlik die wanbestuur van verskeie praktyke en nie slegs 'n enkele verkeerde praktyk nie, wat die verskil tussen die beste en swakste boere veroorsaak. Die beste bestuurbare praktyke is daardie pakket wat tot optimum produksievlakke en winsgewende produksie lei sonder om die natuurlike omgewing van die boerdery te beskadig. As al die beheerbare faktore op die hoogste vlak is, sal die boer op die langtermyn steeds optimale winste maak ten spyte van wisselvallige omstandighede.

## DIE ONMIDDELIKE VERLEDE

Die wins van droëland koring van COMPUTUS se groep van 38 boere in die Oos-Vrystaat verskyn in Figuur 1.




**FIGUUR 1: WINGEWENDHEID VAN KORING (DROËLAND)**

*(Die wins van 2004 is geprojekteer volgens die jongste beskikbare inligting soos op 28/11/03)*

Die grafiek toon aan dat die gemiddelde wins van hierdie groep boere oor die afgelope agt jaar R692.00 per hektaar beloop het. Daar was drie jare wat bo hierdie gemiddelde wins was terwyl daar een jaar was waar 'n verlies gemaak is. Die oorblywende vyf jare was die wins onder die gemiddeld gewees. Het graan die afgelope jaar getaan of is die boer se verwagtinge dalk net te hoog gewees? Het die abnormale suksesse van 2001 en 2002 wat ondoeltreffende bestuurspraktyke kamoefleer nie dalk die norm begin word terwyl die ander jare wat optimale bestuurspraktyke verg eerder die beplanningsmikpunt behoort te wees nie?

## EENHEIDSKOSTE

Sonder insette is 'n oes nie moontlik nie. Die boer moet dus uitgawes aangaan sodat hy 'n opbrengs kan realiseer. Die verwantskap tussen die uitgawes word in Figuur 2 aangetoon:



**FIGUUR 2: UITGAWES VAN KORING (DROëLAND) VIR 2003/2004**

Die grafiek toon aan dat die koste om een hektaar koring teen 'n opbrengsmikpunt van 1.5 ton/ha te produseer R2317.00 beloop teenoor die R2840.00 om koring vir 'n opbrengsmikpunt van 2.5 ton/ha te produseer. Die vertakkingsmarge per ha neem egter van 'n verlies van R67.00 toe tot 'n wins van R910.00. Die verhoogde koste beteken 'n groter verhoging in wins. Die rede hiervoor is omdat 'n groot gedeelte van die uitgawes vas bly, ongeag die opbrengs. Die geheim is dus dat die eenheidskoste (Rand/ton) moet afneem namate die opbrengs toeneem. By 'n mikpunt van 1.5 ton/ha is die gelykbreekprys om een ton te produseer R1545.00 terwyl dit R1136.00 by 'n mikpunt van 2.5 ton is. Hoe laer die eenheidskoste, hoe meer ruimte is daar vir wins. Die beste bestuurbare praktyke behoort dus die laagste koste per opbrengseenheid (R/ton) eerder as die laagste koste per produksieeenheid (R/ha) as mikpunt na te streef. Lae produkpryse kan dus met verhoogde produksie teë gewerk word, binne die produksiepotensiaal van die boerdery.

## WINSSONE

Soos reeds genoem, vind produksie in geen jaar onder dieselfde ekonomiese en klimaatstoestande plaas nie. Dieselfde uitgawes en bestuurspraktyke sal dus elke jaar tot 'n variasie in die wins per hektaar lei. Selfs al bly uitgawes konstant, gaan die boer nie jaarliks dieselfde wins kan genereer nie. Hy sal eerder elke jaar vir 'n winssone moet beplan wat 'n skommeling in opbrengs en prys vanaf die beste tot die slegste scenario kan akkomodeer. Tabel 1 weerspieel hierdie winssone onder wisselende klimaat (opbrengs) en wisselende ekonomiese toestande (pryse) teen produksiekoste van R2616.00/ha:

**TABEL 1: WINSSONE VAN KORING (DROëLAND) IN DIE OOS-VRYSTAAT  
TEEN PRODUKSIEKOSTE VAN R2612 PER HEKTAAR**

Opbrengs (ton/ha)	Prys/ton						
	1000	1200	1400	1600	1800	2000	2200
1.00	-1612	-1412	-1212	-1012	-812	-612	-412
1.25	-1362	-1112	-862	-612	-362	-112	138
1.50	-1112	-812	-512	-212	88	388	688
1.75	-862	-512	-162	188	538	888	1238
2.00	-612	-212	188	588	988	1388	1788
2.25	-362	88	538	988	1438	1888	2338
2.50	-112	388	888	1388	1888	2388	2888
2.75	138	688	1238	1788	2338	2888	3438
3.00	388	988	1588	2188	2788	3388	3988
<b>Totale uitgawes</b>							<b>2612</b>

Tabel 1 toon die winssone van koring in die wit ruimte aan terwyl die verliessone in die swart ruimte aangetoon word. Teen 'n prys van R1000.00 per ton moet die opbrengs 2.75 ton/ha wees voordat 'n wins behaal kan word. Indien die opbrengs 2 ton/ha is, moet die prys R1400.00/ton wees voordat 'n wins getoon word. Met behulp van so 'n tabel kan die boer die beste bestuurbare praktyke bepaal waarvolgens hy altyd 'n wins kan behaal, selfs al wissel die opbrengs of die prys van sy produk.

#### **BEREIKING VAN VOLHOUBAARHEID**

Dit verg kreatiwiteit van die boer om die verskillende bestuurspraktyke te identifiseer en daarop te probeer verbeter. Die sleutelaspek hier is om die bestuurbare praktyke vir elke vertakking op die plaas te identifiseer. 'n Pakket moet dan saamgestel word wat onder die boerdery se unieke omstandighede die beste gaan funksioneer. Tabel 2 bevat die vernaamste bestuurspraktyke wat op koring van toepassing is terwyl daar ook aangedui word wat die koste-implikasie van elkeen is wanneer een hektaar geproduseer word:

**TABEL 2: BESTE BESTUURBARE PRAKTYKE VIR KORING (DROëLAND)  
EN DIE KOSTE-IMPLIKASIE DAARVAN**

<b>OPBRENGSVERHOGENDE FAKTORE</b>	<b>R 1,312</b>
Vog	R 0
Saadbedvoorbereiding	R 559
Kultivarkeuse	R 160
Bemesting	R 387
Plant	R 206
Onkruid	R 110
Plaag	R 215
Risiko (Versekering)	R 541
Bemarking	R 22
Oesinsameling	R 354
<b>OPBRENGSBESKERMENDE FAKTORE</b>	<b>R 1,242</b>
<b>TOTALE KOSTE</b>	<b>R 2,554</b>

Die bestuurspraktyke kan in twee afdelings verdeel word. Eerstens is daar dié faktore wat 'n opbrengsverhogende invloed het. Die koste-implikasie van hierdie faktore is R1312.00/ha. Tweedens is daar dié faktore wat 'n opbrengsbeskermerende implikasie het. Die koste-implikasie hiervan beloop R1242.00/ha. Die gesamentlike koste van die bestuurbare faktore is R2,554/ha. Indien hierdie geld geleen moet word, kom daar nog rente van R58/ha ook by vir 'n totale koste van R2612/ha.

Die tabel dui daarop dat individuele faktore saamgevoeg word om 'n opbrengs te behaal. Hierdie faktore moet in die regte balans wees en met mekaar geïntegreer word om die optimale pakket van beste bestuurspraktyke te vorm. Elkeen van hierdie praktyke moet effektief en op die regte tyd uitgevoer word sodat optimale produksie bereik kan word.

## **SLOTSOM**

Die volhoubaarheid van graanproduksie is aan drie komponente onderhewig naamlik:

- Aanvaarbare produksievlakke;
- Winsgewende produksie;
- Beskerming van die natuurlike omgewing.

Hierdie drie komponente moet nie net onder al die omstandighede vir 'n spesifieke graangewas toegepas kan word nie maar moet ook voortdurend verbeter kan word. Die beste bestuurbare praktyke sal opbrengs verhoog. Nuwe inligting en tegnologie word voortdurend aan die boer beskikbaar gestel sodat hy nooit in terme van sy bestuurspraktyke hoef te stagneer nie. Die gebruik van hierdie nuwe inligting en tegnologie spreek die eerste komponent van volhoubare produksie aan, naamlik aanvaarbare produksievlakke.

'n Verhoogde opbrengs lei meestal tot 'n verhoging in wins. Die tweede komponent van volhoubare produksie, naamlik winsgewende produksie, kan dus ook in die proses van verhoogde opbrengs verbeter word.

Indien die verhoging van produksie, met die gevolglike verhoging in wins, kan plaasvind sonder dat die natuurlike omgewing beskadig word, word die beste bestuurbare praktyke ingespan om maksimum ekonomiese opbrengs te behaal, selfs al wissel die klimaats- en ekonomiese omstandighede.

***“Het graan getaan, of het die boer se bestuurspraktyke getaan?”*** behoort eerder die vraag te wees. Bestuur dus vir produksie, wins en volhoubaarheid. Probeer om die somme te laat klop met die beste bestuurspraktyke vir verhoogde produksie en laer produksiekoste per opbrengseenheid binne 'n realistiese winssone sonder dat die natuurlike omgewing vernietig word.

---

**BETHLEHEM**  
**28 NOVEMBER 2003**